# GROEIGROEP MATERIAAL

**KERK-IN-SUID**

***Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis,***
***om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring***
***wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.***
\- ***1 Petrus 2:5***

Die kerk bestaan uit lewende stene wat in een gebou saamgevoeg word. Ek en jy vorm deel van God se gebou, ons is ingemessel. Daarom is eensgesindheid belangrik en dat ons as lewende stene een doel voor oë sal hou - die missie waarop God ons (die kerk) op sit.
Om hierdie heilige priesterdom te wees vra dat ons Geestelike offers sal bring wat deur Jesus Christus welgevallig is.

Om geestelik te groei het jy die gemeenskap van gelowiges om jou nodig.



## OPENING

**Hoor hoe gaan dit met elkeen (spandeer tyd saam om te luister en te ontdek)**

**Deel met mekaar hoe julle elkeen deel geword het van Kerk-in-Suid gemeente.**

**As jy die word "Kerk" hoor… wat is die eerste gedagte wat by jou opkom? Gesels lekker en deel met mekaar.**

______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________

## KOM ONS BEGIN



**Kerk en Ganse!**

Dit is voorwaar 'n pragtige gesig om ganse in 'n V-formasie te sien vlieg. Dit is egter nie om dowe neute dat hulle só vlieg nie.
Navorsing het getoon dat die geklap van hulle vlerke 'n opwaartse lugstroom, 'n spiraal draaikolk veroorsaak wat die ganse opdruk wat in die V-formasie volg.

Interessant: Trouens, hierdie "spanwerk" kan 'n swerm ganse tot 71% verder laat vlieg as wat hulle dit alleen kan regkry, sê navorsers. Ganse wat per ongeluk uit formasie beweeg sal alles in die stryd werp om weer in gelid met die ander te kom, anders sal hulle dit nooit maak om op hulle eie die groot afstande af te lê wat nodig is om in 'n warmer klimaat te kom nie.

Hierdie ganse neem ook beurte om die harder werk aan die voorpunt van die V-formasie te doen, sodat die las gedeel kan word en 'n deel van hulle die tyd kan gebruik om uit te rus tot hulle self weer aan die voorpunt die swerm se reikafstand kan vergroot.

**GELUID:**
Daar is selfs 'n teorie dat ganse nie net hulle hees gesnater (Engels: honking) gebruik om hulle plek in die formasie vir die ander aan te dui, sodat die V-formasie behoue bly nie, maar dat hulle deur hulle gesnater mekaar aanmoedig om net hulle beste te lewer.

Dit is immers ook waar van ganse dat as een agterraak weens siekte of ongesteldheid, twee ganse sal terugval en by die agtergeblewene sal bly totdat hy of sy óf weer saam met hulle in formasie kan vlieg of doodgaan.

Verstommende inligting wat ons hier kry...!

**Hoe kan ons by die ganse leer om kerk te wees? (Geniet die ge-quack... ek bedoel die gesprek) ☺**

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

<u>KOM ONS LEES</u>

**Handelinge 2:37-47**

<u>INHOUD & GESPREK</u>

**Ons lees in Handelinge 2:37-47 van die eerste gemeente. Wat staan vir jou uit?**

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

**Kan ons steeds aspekte van hierdie eerste gemeente hê in die konteks waarin ons vandag leef? Watter aspekte en hoekom?**

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

**Baie mense beoordeel maklik die kerk in die breë. Watter maatstawwe gebruik ons ook soms om te bepaal of 'n kerk lewend/ sterwend is?**

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

**Gesels oor die volgende woorde en dink prakties daaroor na.**

*"Die kerk is nie daar sodat ons alles in ons vermoë moet doen om ons kerkgeboue vol te kry nie.*
*Die kerk is daar sodat kerkmense alles in hulle vermoë sal doen om mense se honger mae vol te kry, om mense se leë lewe te vul met die evangelie.*
*Dan word die kerk vanself weer vol."* - Ferdinand Deist

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

## UIT SONDAG SE EREDIENS

Ons teks van Sondag het uit Openbaring 3:1-6 gekom aan 'n gemeente in Sardis. Hierdie vooruitstrewende gemeente wat van buite goed lyk, maar van binne is hulle mors dood. Eintlik skryf Johannes hierdie brief as 'n aanklag teen elkeen in die gemeente. Ons het gehoor dat die kerk nie 'n gebou is nie maar eerder lewende stene – ek en jy is die kerk. Saam as afsonderlike lede hou ons saam byeenkomste, dit word die samekoms van gelowiges genoem, mense wat saam bely, groei en mekaar ondersteun. In die teks kom ons agter dat die gemeente in Sardis sit die plot mis... hulle is sterwend... maar hulle glo in 'n Lewende Here.

**Lees Openbaring 3:1-6**

**Wat staan vir jou uit?**

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

**Watter rol het Covid-19 in jou geestelike lewe as "lewende steen" gespeel?**

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

**Daar word 6 riglyne (bakstene) gegee om weer lewend te word…dit moet ingemessel word in ons lewens.**

1. Word wakker
2. Versterk wat jy het
   a. "versterk wat nog by julle oorgebly het" (3:2b)
3. Onthou
   a. Onthou hoe julle die evangelie ontvang het (3:3)
4. Hou daarmee vol! (3:3b)
5. Bekeer julle
6. Wat jy uitstraal
   a. dra wit klere en julle moet die klere nie besoedel nie

**Dink julle die 6 bakstene is steeds vandag van toepassing vir ons?**

______________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________

**Hoe gaan julle mekaar help en ondersteun om "lewende stene" te wees?**

______________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________

<u>MAAK VAS</u>

Wat het jy gehoor vanaand, gee elkeen 'n geleentheid

Sluit af met gebed en vra dat die Here julle sal help om Lewende Stene te wees vir Sy koninkryk.

NOTAS